

HOOFSTUK VII.SAMEVATTING.1. Die Onderwystoestande in Vereeniging in die tydperk 1881-1899.

(a) Historiese oorsig. Wanneer die geskiedenis van Vereeniging in oënskoue geneem word, kan duidelik gesien word hoe daar 'n stadige vooruitgang was tot ongeveer 1892. Wanneer 'n grafiese voorstelling van die groei gegee moet word, sal die kurwe die vorm aanneem van 'n stygende reguit lyn.

Nadat steenkool in die onmiddellike nabyheid van die teenswoordige dorp Vereeniging ontdek is, is daar in 1892 begin met die aanlê van die dorp. Die gevolg daarvan was dat werknemers daarheen getrek is, dat die bevolking daar gekonsentreer geraak het en al gou toegeneem het. 'n Effense vinniger tempo van ontwikkeling het nou gevolg.

Die Tweede Vryheidsoorlog het die ontwikkeling in Vereeniging gedemp. Na die vredesluiting het die ontwikkeling egter weer gou die normale gang gegaan; eers na die Eerste Wêreldoorlog het nywerhede in hierdie distrik begin opskiet. Veral is staalnywerhede hier saamgetrek, want hulle was hier by die steenkool wat nodig is vir die smelt van die ystererts, en die Johannesburgse mark was digby. Die ontwikkeling toon in hierdie stadium al 'n heelwat vinniger tempo. In 1923 vind die oprigting van die Barrage plaas en die watervoorsiening word nou iets wat nie meer moeilikheid by industrieë oplewer nie.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog word Vereeniging op die landkaart geplaas, want waar hierdie dorp op die oewers van die Vaalrivier in die verlede slegs 'n vakansie-oord was en 'n plattelandse dorpie met 'n paar nywerhede, het dit nou van belang geword in die Unie se oorlogspoging; ammunisie is hier op redelike groot skaal deur die verskillende staalnywerhede geproduseer.

/Na die .....

Na die sluiting van die vrede het die dorp oornag ontwikkel en nywerhede het oral verskyn. Die dorp het 'n fenomenale groei ondervind en vandag is die kontras wat die dorp met die verlede vorm verbasend. Waar daar voorheen lande en weivelde was, is vandag voorstede van hierdie dorp, en in die sentrale deel is daar 'n opeenhoping van sake-ondernemings. En nog is die einde van hierdie dorp se ontwikkeling nie in sig nie. Met die ontwikkeling van VanderBijlpark daar digby, is bedrywe vir die verwerking van die staal in Vereeniging opgerig.

Op onderwysgebied het Vereeniging reeds een van die groot opvoedkundige sentrums in Transvaal geword. Net soos die ontwikkeling op ekonomiese gebied, was die ontwikkeling op opvoedkundige gebied in Vereeniging in die laaste aantal jare fenomenaal.

(b) Onderwystoestande onder Du Toit en Stiemens (1881-1891)

Met die aanvaarding van ds. S.J. du Toit op 13 Maart 1882 as Superintendent van Onderwys, is 'n nuwe tydsfase in die geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek ingelui. Die onderwys is op 'n meer georganiseerde grondslag geplaas deur die Onderwyswet van 1882, waarvolgens privaatskole met staatsteun die reël geword het. Die Christelik-nasionale onderwysstelsel van Du Toit was so reg na die hart van die Afrikanervolk.

Geen spoor kon, as gevolg van die gebrek aan amptelike stukke, gevind word van enige plaasskooltjie van groot omvang aan die begin van hierdie periode nie. Wat wel duidelik blyk uit die weinige amptelike stukke wat beskikbaar is, is dat die kerk 'n groot rol by die stigting en beheer van die skooltjies gespeel het. Die predikant van Heidelberg, ds. N.J. van Warmelo, was byvoorbeeld verantwoordelik vir die stigting van verskeie plaasskooltjies in die wyk Kliprivier. Hierdie skooltjies se bestaan was egter

/kortstondig .....

kortstondig van duur.

Oor die algemeen was die onderwystoestande onder Du Toit nie na wense nie. Die onderwys was in Vereeniging nog grotendeels van die ouers self afhanklik. Waar plaasskooltjies opgerig is, is hulle bygewoon deur die kinders van die omgewing, maar die aantal skole was ver van toereikend af.

In die tydvak onder beskouing het daar plaasskooltjies vir korter of langer tye in Vereeniging bestaan op Nooitgedacht, Hartzenbergfontein, Kookfontein, Slangfontein, Vlakfontein, Schoongezicht, Alewijnspoort en Kliprivier. Uit inspeksieverslae wil dit voorkom asof die skoolbesoek baie te wense oorgelaat het. Ook was die meubels en geboue van 'n swak gehalte en daar was 'n groot tekort aan onderwysers.

(c) Onderwystoestande onder Mansvelt (1891-1899). Hierdie laaste Superintendent van Onderwys van die Suid-Afrikaanse Republiek wat aan die einde van 1891 diens aanvaar het, het getrag om die leemtes van die Du Toit-wet uit te skakel en om die onderwys op 'n doeltreffender grondslag te plaas. Mansvelt se Onderwyswet van 1892 was in beginsel 'n voortbouing op die Du Toit-wet. Die onderwys is egter op 'n hoër peil gebring deurdat 'n algemene leerplan vasgestel is vir die verskillende standerds. Ook is die instruksies aan inspekteurs, hoofde van skole, onderwysers en skoolkommissies saamgevat en gepubliseer in die Schoolgids. Hierin is aandag geskenk aan sake soos die betaling van subsidies, die invul van skoolstate en registers ens.

In Vereeniging was dit 'n tydperk van vooruitgang, deurdat die getal skole toegeneem het. Die geboue het egter heelwat kritiek van die inspekteurs ontlok, deurdat hulle van 'n swak gehalte was en 'n tekort aan vensters gehad het. Die

/uitrusting .....

uitrusting was oor die algemeen geneem bevredigend. Die onderwysers was 'n bron van kommer, want nie net was daar 'n groot tekort aan onderwysers nie maar ook was daar etlike gevalle van onbevoegdheid; die inspekteur het bevind dat ongeveer 25% van die onderwysers in sy kring as „swak” bestempel kon word. Daar het ook 'n algemene tekort aan leerboeke bestaan en daar is bevind dat sommige skole die Bybel en Kinderbybel as leerboeke gebruik.

Mansvelt het deur middel van 'n verbeterde inspeksiestelsel nie net die onderwys op 'n gesonder grondslag geplaas nie maar ook die algemene onderwyspeil verhoog. Skole is nou meer dikwels besoek en die algemene tekortkominge kon verhelp en foutiewe metodes kon geëlimineer word.

Die Nederlandse onderwysers in hierdie inspeksiekring was in die reël goed onderlê vir hulle taak en hulle het daarom baie daartoe bygedra dat die onderwyspeil verhoog is.

Vir sover dit die onderwys op die dorp Vereeniging aangaan, is daar tot so laat as 1899 nog niks daadwerklik tot stand gebring nie. Weliswaar het die eienaar van die dorpsgebied, Marks, sekere erwe aan die Staat toegesê, maar daar is na jarelange geredekawel oor die ligging en die aantal erwe vir die skool eers in 1899 finaliteit bereik, en niks kon verder in verband met die oprigting van die skool gedoen word nie.

Die onderwys is in 1899 tot stilstand gedwing deur die oorlog. Baie onderwysers het die wapen opgeneem om te veg vir die behoud van hulle land se vryheid en die skole is tydelik gesluit.

## 2. Die onderwysontwikkeling vanaf 1900 tot 1959.

### (a) Primêre onderwys in Vereeniging onder Britse bestuur.

Met die opruk van die Engelse magte na Pretoria is

/plase .....

plase so ver as wat getrek is verwoes, en die vrouens en kinders wat so dakloos gelaat is, is deur die Engelse na konsentrasiekampe vervoer. Die vrouens en kinders van die streek suid van die spoorlyn tussen Potchefstroom en Heidelberg, oor Johannesburg, en die Vaalrivier, is na die Vereenigingse konsentrasiekamp geneem wat in Januarie 1901 gestig is.

In April 1901 is 'n skool in die Vereenigingse konsentrasiekamp gestig deur inspekteur W. Noaks, maar eers op 16 Mei het twee „refugee“-onderwysers die skool in twee markeetente geopen. Tien dae later is A.C. Evans as hoof aangesel. Skoolbesoek was nie verpligtend nie. Die aantal leerlinge wat die skool besoek het, was soms soveel as bykans 400 en die getal onderwysers was vyf, die hoof daarby ingeslote. Die skool is gehuisves op die kampterrein, in 'n sinkgebou wat deur Marks verskaf is asook in drie markeetente. Die netheid en dissipline van hierdie kampskool het telkens gunstige kommentaar ontlok. Die medium in die skool was Engels. Lees, skryf en rekene was die vernaamste leervakke. Die onderwys in die vreemde taal kon uit die aard van die saak nie goeie vrugte afwerp nie. Dit het egter tog voordele ingehou, want na die sluiting van die vrede was die kennis wat sodoende van die taal opgedoen is van praktiese waarde. Die kampskool is eers in November 1902 gesluit.

Nadat die vrede gesluit is, het daar 'n tydperk van aanpassing gevolg en het daar 'n nuwe onderwysstelsel in ooreenstemming met die imperialistiese beleid van lord Milner verskyn, wat as doel gehad het die omvorming van die verowerde gebiede volgens Engelse model. Die ou Republikeinse onderwysstelsel is vervang deur die „Public Education Ordinance“ van Sargant, wat op 25 Februarie 1902 van krag geword het. Dit moes die Boerebevolking gou angliseer en denasionaliseer.

Die plaaslike beheer oor die skole is uit die hande van plaaslike persone geneem en 'n ondergeskikte en minderwaardige plek is aan Hollands toegeken. Ook is 'n kort tydjie aan Bybelgeskiedenis, deur die medium van Hollands, toegestaan.

Aan die einde van 1903 was daar reeds weer sewe skooltjies in die distrik aan die gang. Die onderwys was gratis en nie verpligtend nie. Volgens inspekteur Thompson was die leerlinge egter baie vlytig, oorgretig om te leer en maklik hanteerbaar. Die ouers sou baie belang in die kinders se vordering gestel het.

Na die sluiting van die vrede van Vereeniging moes die oorwonne en verarmde Boerebevolking noodgedwonge gebruik maak van die Engelse skole tensy hulle wou toesien dat hulle kinders sonder onderwys die lewe ingaan. So moes hulle toelaat dat die kinders onderwerp word aan die angliseringsproses van die owerhede. 'n Groep C.N.O.-gesindtes was dan verantwoordelik daarvoor dat 'n C.N.O.-skooltjie op Alewijnspoort in die lewe geroep is ter behoud van dit wat die Boerevolk as lief, dierbaar en eerbaar beskou het, nl. sy tradisies, sedes en gewoontes. Die arm en verarmde ingesetenes van hierdie distrik kon egter nie lank hierdie skool onderhou in wedywering met die deur die staat ondersteunde Engelse skole nie, en die gevolg was dan dat ook hierdie skooltjie in 1907 deur die onderwysdepartement as 'n staatskool oorgeneem is.

Die volgende Onderwyswet, wat deur lord Milner se meer gematigde opvolger, lord Selborne in sy memorandum van 17 November 1905 vervat is, het deeglik rekening gehou met die Boerebevolking se ideale en gedagtes soos vervat in die C.N.O.-beweging. Die gevolg was dan ook dat heelparty toegewings gemaak is, veral ten opsigte van die onderwysmedium en

die beheervraagstuk. Adviserende skoolkommissies en skoolrade is ook ingestel; Hollands het egter nog 'n ondergeskikte plek ingeneem.

(b) Die onderwys onder Selfbestuur (1907-1910). Toe selfregering in Desember 1906 toegestaan is, het genl. J.C. Smuts Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys geword. Sy Onderwyswet het op 1 Oktober 1907 van krag geword. In breë trekke het dit ooreengekom met die onderwysidees van lord Selborne, maar dit het veral die twee groot probleme in verband met die onderwys van godsdiens en die voertaal op skool in 'n groot mate opgelos. So het hy daarin geslaag om albei die bevolkingsgroepe in 'n mate tevrede te stel. Hollands en Engels is in 1912 as amptelike tale naas mekaar gestel, en spoedig daarna het Afrikaans Hollands vervang en veld begin wen. Ook het dié Wet voorsiening gemaak vir adviserende skoolrade en skoolkommissies. Die aangeleentheid van ouerseggenskap is dus in 'n baie groot mate opgelos.

(c) Onderwystoestande teen 1910. In hierdie stadium was die meeste struikelblokke t.o.v. die neutrale staatskoolstelsel oorkom en is die weg gebaan vir die ontwikkeling daarvan.

Die gedagte om sentrale skole te stig wat beter onderwys kon verskaf, was reeds algemeen bekend maar is nog nie in Vereeniging toegepas nie. Ook aan die aangeleentheid van tweetaligheid is reg laat geskied, en alhoewel dit veel te wense oorgelaat het, is die leerlinge in die skole in hierdie stadium in albei tale onderrig.

Teen 1910 was daar reeds tekens van definitiewe vooruitgang in die onderwys te bespeur.

(d) Die onderwys sedert 1910.

(i) Sentralisasie. Die beginsel van sentralisasie was niks nuuts vir die Vereenigingse skoolraad nie. In 1907 het inspekteur Ligertwood al op die moeilikhede van die plaasmeester gewys en hy was van mening dat dit oorkom kon word

deur sentralisasie toe te pas. Tot 1910 is egter niks daadwerkliks daaromtrent gedoen nie. Van 1911 af is egter 'n hele aantal vervoer- en losiesbeurse in die Heidelbergse kring toegestaan. Nadat Vereeniging as selfstandige skoolraadsdistrik in 1926 verklaar is, is die sentralisasiebeleid op groot skaal aangepak en deurgevoer tot na die Tweede Wêreldoorlog toe abnormale omstandighede en die fenomenale groei van Vereeniging as industriële sentrum die praktiese toepassing van dié beleid in die wêreld gery het.

(ii) Sentralisasie en donkie- en motorvervoer. Waar die skoolraad voor 1911 sy toevlug tot losiesbeurse geneem het, het hy daarna op aanbeveling van die Direkteur van Onderwys oorgegaan tot donkievervoer. In die dertiger jare het die skoolbus egter die skooldonkie vervang, aangesien dit baie gemakliker, veiliger en gouer was om leerlinge so te vervoer. Uit die statistiek in die betrokke hoofstuk hiervoor, blyk die snelle gebruikstoename in die getal vervoerskemas wat in werking was.

Na die einde van die Tweede Wêreldoorlog het Vereeniging as nywerheidsgebied op die voorgrond getree, en die uitbreiding wat buite verhouding snel plaasgevind het, het die sentralisasie wat tot dusver plaasgevind weer op die agtergrond gestel; skole moes oornag feitlik geopen word om huisvesting aan die kinders van die talle nuut gestigte voorstede en woongebiede te verskaf.

(iii) Gedifferensieerde onderwys. Gedifferensieerde onderwys is met ingang van 1958 in die Vereenigingse hoërskole ingevoer.

Hiervolgens is leerlinge in bekwaamheidsgroepe ingedeel. Dit is dan nou moontlik gemaak om die skoliere in die drie groepe in te deel en vir elke groep, na gelang van die kinders se verstandelike vermoëns, 'n eie leerplan aan te

/bied .....



bied. Sodoende is nou vir die eerste maal voorsiening gemaak vir die onderrig van die intelligente leerling.

(a) Middelbare onderwys.

(i) Algemeen. Voor die oprigting van die huidige hoërskole, is middelbare onderwys verskaf deur die volgende skole: Die Handhawerskool, die Selborneskool, die Eikenhofskool en die Meyertonskool. In 1940 is die Engels- en Afrikaansmediumhoërskole in gebruik geneem en daardeur het Vereeniging volwaardige middelbare onderwysinrigtings verkry.

Die groot probleem waarvoor die hoërskole op Vereeniging telkens te staan gekom het, was die tekort aan akkommodasie om in die behoefte van die snel groeiende leerlingtal te voorsien. Kort-kort moes daar byvoegings tot bestaande geboue gemaak word.

(ii) Skoolkoshuise. Met die groei van Vereeniging het dit nodig geword om akkommodasie te verskaf aan leerlinge wat ver gewoon het maar die middelbare skole aldaar wou besoek. Die gevolg was dan ook dat daar in 1931 reeds 'n huis gehuur en meubels geleen is om in hierdie behoefte te voorsien. Die koshuis het met verloop van tyd te klein geword en ekstra akkommodasie moes verkry word; die pragtige meisieskoshuis is in 1949 voltooi.

3. Buitemuurse bedrywighede. In die Vereenigingse distrik en op die dorp word op groot skaal voorsiening gemaak vir die alsydige ontwikkeling van die skoolgaande jeug. So is daar 'n groot aantal opvoedkundige bedrywighede en organisasies wat nie regstreeks deur die Onderwysdepartement beheer word nie hier in werking. Daar word op die volgende gewys.

(a) Spaarsin. Op 1 Junie 1918 het inspekteur Ligertwood met 'n "School Penny Bank" in Vereeniging begin. Die aantal inlêers was negentien en die betrokke bedrag was £57.11.0 vir

/daardie jaar .....

daardie jaar. Sedertdien het die spaarsaamheidsbeweging stadigaan veld gewen, sodat alle skole tans oor 'n eie spaar-klub beskik. Die geld wat geïen word, word in Unie-leningsertifikate belê.

(b) Sport. Onderwysers bestee naas die verstandelike ontwikkeling van die leerlinge die meeste aandag aan sport. Sodoende word ook gelet op die liggaamlike ontwikkeling van die leerling. By die meeste skole, bestaan sportvelde, en mededinging vind met gereelde tussenposes plaas, veral op die gebied van atletiek, rugby, korfbal, tennis en hokkie.

(c) Debatsverenigings en skoolkonserte. By veral die hoërskole bestaan debatsverenigings. Die leiding van etlike bekwame onderwysers is duidelik hier te bespeur.

Daar word getrag om jaarliks skoolkonserte by die meeste skole en kunsfeeste vir die dorp en distrik te reël.

(d) Voortrekkers, „Boy Scouts” en „Girl Guides”. By die meeste skole word aandag aan hierdie bewegings gegee. Dit is dan my oorwoë mening dat dié bewegings met die toegewyde en opofferende diens wat aan die jeug van Vereeniging gewy word, lof verdien. 'n Heilsame invloed word op dié wyse op die kinders uitgeoefen.

(e) Kadette. 'n Belangrike vormende invloed word op die seuns uitgeoefen deur die kadetafdelings verbonde aan die hoërskole en die Tegniëse Kollege van Vereeniging.

(f) Ouer-onderwyserverenigings. Slegs die twee Engelsmediumskole van Vereeniging besit ouer-onderwyserverenigings. In die geval van die Afrikaansmediumskole is nie sulke verenigings aan te tref nie.

(g) Ouerdae. Ten einde egter te verhoed dat die skool as opvoedkundige inrigting totaal van die samelewing daarbuite afgeskei word, en om voorts die belangstelling van die ouers van skoolgaande kinders te verkry en te behou, bestaan daar

by die meeste skole in hierdie distrik die jaarlikse instelling van ouerdae.

4. Die merkwaardige groei van die onderwys in Vereeniging.

Dit sal gepas wees om kortliks te let op die fenomenale groei wat Vereeniging op opvoedkundige gebied ondergaan het. Die volgende tabel spreek vir homself:

Jaar	Getal leerlinge	Getal onderwysers
1926	1,884	78
1930	2,062	94
1940	2,637	96
1950	5,825	199
1956	12,671	436
1959	14,139	494

Uit voorgaande kan die volgende afgelei word:

- (a) dat die leerlingtal en aantal onderwysers meer as verdubbel het in die tien jaar van 1940 tot 1950;
- (b) dat 'n soortgelyke verdere vermeerdering in die daaropvolgende ses jaar plaasgevind het; en
- (c) dat die vermeerdering in die voorgenoemde sestien jaar amper sesdubbeld was.

5. Die stand van die onderwys in Vereeniging teen 1959. Nadat 'n noukeurige en deurtastende ondersoek oor die onderwys in Vereeniging oor die afgelope agt-en-sewentig jaar uitgevoer is, is dit my mening dat die onderwys aldaar tans 'n hoër vlak of peil bereik het as op enige tydstip in die verlede.

Die onderwys is gekonsentreer in 'n aantal groot skole waar die leerlinge slegs die beste onderrig ontvang en waar die welsyn en heil van die jeug as vooropgestelde doel nagestreef word. Die onderwysers is feitlik deurgaans

/vir hulle .....

vir hulle taak goed toegerus en beskik oor 'n groot verskeidenheid doeltreffende hulpmiddels.

Dit is egter betreurenswaardig dat slegs nege skole (die Tegniese Kollege ingesluit) oor sale beskik. Waar sale deesdae feitlik onontbeerlik is vir die onderwys en opvoeding by die skole, is vertoë egter reeds deur die verskillende skole gerig vir die bou van 'n saal by die skool.

Besondere aandag word in die klaskamers geskenk aan die verstandelike ontwikkeling van die leerlinge terwyl die liggaamlike ontwikkeling en die goeie geestelike eienskappe wat daaruit voortspruit, die hoofdoel van die buitemuurse bedrywighede vorm. Die onderwys soos dit dan tans in werking is, wil die individu in sy geheel ontwikkel, d.w.s. verstandelik, geestelik en liggaamlik. So word die leerling sover moontlik toegerus om sy plek later in die maatskappy volwaardig te kan inneem.